
# 333 O God van Jakob deur u hand




Ons dank en smeekgebede gaan
tot u genadetroon;
wil ons en ook ons kroos voortaan
u guns en trou betoon!

Berei vir ons die lewenspad -
wil deur u Gees ons lei;
en as  ons val, o Vader, vat
ons hand en staan ons by!

Bewaar ons, Heer, in alle nood;
hou oor ons heil die wag.
Wil kleding skenk, gee daagliks brood -
ons deel vir elke dag.

Beskikker van ons deel en lot
in voor- en teëspoed,
U is ons Vader en ons God
net U is waarlik goed!

U het u liefde openbaar
in Jesus onse Heer;
Hy is ons Raadsman, wonderbaar,
deur wie U ons regeer.

Philip Doddridge (1702-51) Skotse Psalter (1613)